KIXPIRASIE KWARTAAL 4 2022

Die ruimte om te ervaar

Aktiwiteit: Gee aan elkeen ‘n stuk growwe papier of ‘n stuk klei / enige item wat ‘n tekstuur het waaraan hulle sal kan voel. Laat elkeen hulle oë toemaak, bewus word van hulle asemhaling en terwyl hulle so sit, moet hulle aan die tekstuur voel. Vra dan:

- Wat is die eerste ding waaraan hierdie tekstuur jou laat dink?
- Wat is die eerste emosie wat by jou opkom?

Gesels saam:

- Deel met mekaar waaraan dit jou laat dink en watter emosie by jou wakker geword het.

Johannes 16:5-8: “Nou is Ek op pad terug na Hom toe wat My gestuur het; tog vra niemand van julle vir My: ‘Waarheen gaan U?’ nie. 6Omdat Ek dit egter vir julle gesê het, het hartseer julle harte oorweldig. 7Laat Ek julle egter die waarheid vertel: Dit is tot julle voordeel dat Ek weggaan, want as Ek nie weggaan nie, sal die Raadgewer, die Heilige Gees, nie na julle toe kom nie. As Ek egter weggaan, sal Ek die Raadgewer na julle toe stuur. 8En wanneer Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sy sonde, van God se regverdige oordeel, en dat die oordeel hier is.”

Net soos elkeen presies dieselfde item in hulle hand gehad het, maar ‘n verskillende gedagte en gevoel ervaar het, net so ervaar elke kind in jou groep die Bybelverhaal anders. Jy as KIX-leier is die een wat die ruimte skep vir die Heilige Gees om elke kind wat by jou is, te bedien deur die Bybelverhaal wat jy saam met hulle behandel. Ons moet ‘n ruimte skep waar hulle veilig en tuis kan voel. En jy as KIX-leier is die een wat die beste weet wat jou groep veilig en tuis laat voel. Baie dankie vir jou sensitiwiteit hiervoor en weet dat jy nie hoef bekommerd te wees oor wat die kind uit die Bybelverhaal neem nie, want elkeen neem iets anders uit daar waar hulle in hulle lewe is en soos die Heilige Gees hulle bedien. So, geniet die skep van die ruimte waar die Gees hulle kan bedien, die vertelling van die storie en die vaslegging daarvan en weet dat jy nie alleen is in hierdie byeenkomste nie.

Deel die volgende met mekaar:

- Hoe skep jy die ruimte van jou KIX-ontmoeting?

Bid vir mekaar: Draai twee-twee na mekaar toe en bid vir mekaar.